WAAROOR ONS DIE VOLK BYMEKAAR MOET KRY!

Deesdae word daar baie oor Vryheid en die herstel van die Boere-republieke gepraat. Gelukkig is dit ’n groeiende volkstem en nie politiekeparty-aksie nie. Daar is ’n waarneembare Boere-Republikeinse aandrang wat moet lei tot die erkenning van ons begeerte om ons self te regeer op ons eie grondgebied.

So was dit ook bykans 100 jaar gelede. Die rebellie van 1914, toe voormalige Boerekrygers opgestaan het teen die onderdukker en die vryheidsvlam hoog begin brand het, was vryheid die lont wat tot vandag toe steeds onblusbaar brand. Met tye is dit egter skaars waarneembaar- op die oog af dood. Tog is daar elke keer ’n katalisator van een of ander soort om die vryheidsvlam brandende te hou.

Die rebellie was die kookpunt om stukrag aan die NP van genl. Hertzog te gee.

Op die Uniale Kongres van die party wat op 16 Januarie 1919 gehou is, het genl. Hertzog hom soos volg uitgelaat oor onafhanklikheid: “Ons het die reg om vry te wees. Ons sal vry word omdat ons volk vry wil wees; omdat ons wil hê dat ons geskonde regte herstel moet word. Omdat ek Vryheid bo onderworpenheid verkies, verkies ek ’n vrye Vrystaat bo ’n onderhorige Unie.(M.P.A. Malan-Die Nasionale Party van Suid-Afrika, p51.) Dr. Malan as Kaaplandse verteenwoordiger was ten gunste van die totale Suid-Afrika as ’n republiek.

Alhoewel sterk klem laat val is op die aandrang vir die Vryheid van Transvaal en die Vrystaat, is die agterdeur tog oopgemaak om dit af te water vir wat later beleid van die NP sou word en aanleiding gegee het tot die Republiekwording in 1961 waar die Vrystaat en Transvaal ingesluk is. In ’n memorandum aan die Britse eerste minister, Lloyd George, word dit soos volg gestel: “Die deputasie is alleen bereid om die kwessie van onafhanklikheid van die Unie as ‘n geheel met Sy Majesteit se Regering te bespreek as ’n aanneemlike alternatief vir die herstel van die indiwiduele afsonderliklike onafhanklikheid van die Transvaal en die Vrystaat.” So is Transvaal en die Vrystaat opgeoffer vir ’n groter geheel wat in elk geval net so kunsmatig was soos die Unie. Daarom sou dit in 1994 ten gronde gaan!

Johannes Meintjes verhaal die gebeure rondom die Vryheidsdeputasie, so in sy boek General Louis Botha: “Hertzog and his friends set off to get their Republic, trailing from New York to Paris, a wild goose chase of great hilarity, depending on which way you look at it. Hjalmar Reitz has written a wildly funny account of it, whereas others like D.F. Malan and Hertzog enthusiasts have dealt with it with dignified restraint. In Paris there were present three Generals from the Anglo-Boer War. Botha and Smuts trying to consolidate the Union within the British Empire, and Hertzog trying to get out of it. He called upon the Allied leaders to redeem their promises and reminded Lloyd George of his pro-Boer days. The British Premier, however, had gone a long way since that time. It was thanks to Botha that Lloyd George saw Hertzog at all, no easy task in those days- not that this made Hertzog take any trouble to meet Botha. Some say Lloyd George received Hertzog coldly, others that the Premier was very courteous. Lloyd

George said that General Botha, as Premier of the Union, was the only one to speak for the Union, while Hertzog was there only to speak for a political party; Botha and Smuts spoke for the 'Nation.' So Hertzog's mission failed- but not entirely, for in an official statement Lloyd George said: Finally I would point to the status which South Africa now occupies in the world. It is surely no mean one. As one of the Dominions of the British Commonwealth the South African people control their own destiny in the fullest sense. In regard to the common Imperial concerns, they participate in the deliberations,which determine imperial policy, on the basis of complete equality.' This was an official acknowledgement by the highest British authority that South Africa had the right of self-determination in the fullest sense of the word, and for the time being this was enough for Hertzog."

As vandag teruggekyk word op die gebeure wil dit voorkom asof hierdie versekering van Lloyd George aanleiding gegee het tot die Statuswette van die Hertzog-regering, maar ook dat wat Hertzog betref, die verkryging van die onafhanklikheid van Transvaal en die Vrystaat laat vaar is vir die groter eenheid van die Unie van Suid-Afrika. Hierdie punt word duidelik belig in die boek van M.P.A. Malan bls. 55. Hy skryf: "Dit was duidelik. Die deputasie en die mense wat hy verteenwoordig, sou tevrede wees as die Unie as geheel onafhanklikheid gegee word. Dan sou daar nie langer aangedring word op die eise van die Vrystaat en Transvaal nie.

In die lente van 2014, is asof daar nuwe lewe gekom het in die aandrang op Vryheid en die herstel van die Boere-republieke van Transvaal(Noord-Natal ingesluit) en die Vrystaat.

Darom is dit die plig van elke Boere-Republikein om met mag en mening hierdie vuur aan die brand te steek en die kosbare Boervolkie bymekaar te maak. Dit is hulle wat bedoel word in Sefanja 3. Daarin sê die Vader dat hy ons lot voor ons oë gaan verander. By Hom pleit ons vir ons Vryheid. Sonder Hom sien ons die dwaasheid wat ons vandag ervaar.

GENERAAL HERTZOG OOR VRYHEID IN 1915

Die historikus, G.D. Scholtz, skryf in sy boek, Die Rebellie, die volgende (bls. 14):

"Voor die parlementêre kommissie van ondersoek na die oorsake van die Rebellie het Genl. Hertzog in 1915 verklaar: 'The question of independence is one that has been, I suppose, in the minds of the people since peace, in an academic and theoretical way. I do not think there is one man in South Africa who does not believe that eventually, in 50, 100 or 500 years' time, we are going to have independence.....That I think, especially amongst the Dutch-speaking people of the Union, has always been and is to-day, there hope-and after all that is the highest hope any nation or people can entertain - namely independence.'"

Vir die nageslag van die Boerevolk sal hierdie versugting steeds bly. Die Republiek van wyle dr. H. Verwoerd en sy Nasionale Party het die grootse gedeelte van die Boerevolk aan die slaap gesus asof dit die herstel van die twee Boere-Republieke was, maar wat dit nooit gewees het nie. Daardie Republiek was net 'n voortsetting van die Unie van Suid-Afrika onder 'n ander naam en sonder die gesag van die Britse Empire. Nie eers die Boere-republieke se vlae is in ere herstel nie.

Dit spreek vanself dat daardie kunsmatige bestel op een of ander stadium sou verbrokkel. Vandag is ons Boere weer knegte van 'n ander bedeling- maar steeds knegte en steeds met die versugting vir Vryheid. Uit die gryse verlede kom die woorde van genl. Hertzog soos 'n baken van lig.

Solank daar 'n Boerevolk is, sal daar 'n versugting vir Vryheid wees.

Vernietig die Boerevolk en jy vernietig die vryheidsdrang. Daarmee is ons vyande steeds besig!

Ons Boere gaan vry word want ons wil vry wees. Daar is geen mag op aarde wat dit kan keer nie. Ons is in die hande van die Vader. Soos by Bloedrivier sal Hy weer aan ons die uitkoms gee. Dit wil sê as ons die uitkoms wil hê!

Piet Rudolph vir Boere-Republikeine.